6.9 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE volgorde soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Kallie het gesien hoe Oupa voetjie-voetjie met die jong vrou speel.
- Kallie en sy maat het fliek toe gegaan.
- Kallie het gehoor dat sy grootouers gaan skei.
- Ouma het vir Kallie gesê hy moenie kant kies nie. (4)

6.10 Hoekom is die gebruik van "Ag" en "Man" in die titel van die verhaal effektief? (1)

6.11 Hoekom, dink jy, was dit verkeerd van Oupa om met die jong vrou 'n verhouding te hê? (1)

6.12 Gee TWEE redes waarom dit vir Kallie se ouma erg sou wees as sy vir Oupa saam met die jong vrou gesien het. (2)

6.13 Kies net die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.13) en die letter (A–D) neer.

Watter les kan jy by Kallie se **pa** leer?

A Jy kan 'n probleem oplos deur kant te kies.
B Ouers behoort te skei as hulle ongelukkig is.
C Ouer mense kan maak soos hulle wil.
D Oupas en oumas maak ook soms foute. (1)

**EN**

**VERHAAL B: 'DIE PRENTJIESMAKER' – PJ du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

"Ek hoop nie hy skilder die aasvoëls nie ..."

***

Nogtans is dit duidelik dat almal bly is om hom weer te sien verf. Niemand waag dit naby nie. Hulle wil hom nie steur nie.
Dit is al laatmiddag toe Ubombo sy verkwas neersit. Hy staan op en stap sonder terugblik na sy hut toe. Die mans kyk na mekaar, maar niemand waag dit om nader te gaan nie.

6.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.14) en die letter (A–D) neer.

Waarom het een van die vroue gehoop dat Ubombo nie aasvoëls sou skilder nie?

A Sy het nie van aasvoëls gehou nie.
B Sy was baie bygelowig.
C Sy het van Ubombo se vrolike prente gehou.
D Sy was bang die mense sou nie die prentjies koop nie. (1)

6.15 Wat was die reaksie van Ubombo se volksmense toe hulle die laaste prentjie gesien het? (1)

6.16 Waarom het Ubombo se volksmense gedink dat sy laaste prentjie anders was? Noem EEN rede. (1)

6.17 Van watter vasteland wou die Franse toeriste graag 'n prentjie hê? (1)

6.18 Hoe het dit Ubombo en sy volksmense gehelp as Ubombo prentjies geteken het? (1)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die korrekte woord neer.

| abstrakte; vrolike; kleurvolle |
|---|

Mthemba het nie van Ubombo se laaste prentjie gehou nie omdat dit 'n ... kunswerk was. (1)

6.20 Ubombo het 'n kunsgalery gehad.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.21 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.21.1–6.21.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.21.1 Mthemba | A ... het 'n sendingskool bygewoon. |
| 6.21.2 Ubombo | B ... wou nie sê wanneer die reën gaan kom nie. |
| 6.21.3 Die Toordokter | C ... was ongelukkig oor die koms van die reën. |
| 6.21.4 Die Franse vrou | D ... het die prent in die motor gelaai. |
| | E ... het met die besoekers gepraat. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Terwyl sy vrou in die motor klim, kyk sy na die swart wolke wat op die horison saampak.
>
> ***
>
> 'n Fris briesie waai die stof wat die vertrekkende motor opjaag weg.
> Vir die eerste maal in maande klink die gekriek van 'n kriek op.
> Toe gaan lê die wind en 'n swanger stilte vul die lug.
> Die eerste druppel wat op die dor aarde val is 'n traan ... die ander nie.

6.22 Hoekom, dink jy, was dit verkeerd van Mthemba om te probeer keer dat die Franse vrou Ubombo se laaste prentjie sien? (1)

6.23 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE volgorde soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Ubombo het gesterf.
- Die inwoners het voor die prentjie gestaan en kyk.
- Die droogte is teen die middag gebreek.
- Die Franse man het 'n bondel note aan Mthemba gegee. (4)

6.24 Ubombo se laaste prentjie was anders as sy ander prentjies.

Wat sou jy gedoen het as jou mense, soos Ubombo se mense, nie die prent verstaan het nie? (1)

6.25 Gee TWEE redes waarom dit goed is dat mense weet dat jy 'n spesiale talent het. (2)

6.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.26) en die letter (A–D) neer.

Die tema van hierdie verhaal is ...

A pyn en wanhoop.
B erkenning van talent.
C die geldwaarde van kuns.
D vrees en frustrasie. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou